Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30

Teksverse: Romeine 8:26-28

Tema: Leef jou rykdom in Christus, want die Heilige Gees pleit vir jou in gebed!

`n Ma of pa se stem het `n besonderse uitwerking op `n kind, veral wanneer daardie kind benoud of bang is. Dink maar net aan wat gebeur wanneer dit aand is, die krag gaan skielik af en die donker sak op die huis toe. As daar `n klein kindjie in die huis is, is die eerste woorde wat mens hoor: "mamma!" of "pappa!" En sodra ma of pa antwoord en sê dat hulle daar is en dat hulle nou `n lig of kers sal aansit, is daar `n rustigheid en kalmte wat oor die kind kom.

Só werk dit ook met elke gelowige. Ons het voorverlede week gehoor dat ons deel aan die lyding van Christus, want dit is deel van ons erfporsie as kinders van die Here. In hierdie lyding of swaarkry wat ons hier op aarde gaan beleef, gee God aan ons `n besonderse goudstaaf van rykdom: gebed!

Gebed is `n besonderse gawe wat God aan elke gelowige gee en waarmee ons tot ons hemelse Vader kan roep wanneer die donkerte van lyding en swaarkry ons oorval. Juis daarom dat God aan ons gebed gegee het. Gebed is dus nie iets wat ons doen, net omdat God dit wil hê nie. Gebed is `n gawe van God aan elke gelowige, omdat God weet dat ons gebed nodig het. Dit is waaroor hierdie paar verse van Romeine 8 gaan: ons nood weens die lyding in hierdie wêreld en hoe God dit antwoord deur gebed.

Hierdie "lyding" en "swakheid" waarvan Paulus praat, gaan nie oor geleenthede en tye in ons lewe nie, maar dit gaan oor ons hele aardse bestaan en die geestelike swakheid wat ons beleef weens die sonde en ons sondige natuur. Dit gaan hier oor die feit dat ons `n besonderse belofte van hoop, van `n ewige, volmaakte verhouding met God Drie-Enig het, maar dat die realiteit van hierdie hoop verduister word deur die sonde in hierdie wêreld. Hoe het hierdie swakheid en lyding nie hierdie week duidelik geword deur die 21 manne van Libië wat deur ISIS onthoof is nie?

Dit is weens hierdie swakheid en lyding wat ons sug, wat ons woorde opraak en wat ons nie weet hoe of wat ons moet bid nie. Alhoewel ons weet dat God aan ons gebed gegee het en dat daar hierdie wonderlike hoop vir ons wag, is die realiteit van die lyding en die swakheid soms net só groot dat ons woorde opraak in gebed en wat ons nie weet wat om te bid nie.

En dit is juis daar, waar ons woordeloos op ons knieë voor die genadetroon van God kniel, wat nog `n goudstaaf van ons rykdom vir ons bekend gemaak word: die Heilige Gees staan ons by! Dit is juis wanneer ons swakheid ons oorval en ons woorde opraak en ons weet nie wat of hoe om te bid nie, wat die Heilige Gees self vir ons met woorde intree wat nie uitgespreek word nie. Dit is juis dan wat die Heilige Gees, in eenheid met ons, in ons harte bid en pleit en woorde gee wat nie vanuit onsself kom nie.

Wanneer ons hier hoor dat die Heilige Gees ons in ons swakheid bystaan en dat die Heilige Gees vir ons pleit, klink dit amper vir ons asof die Heilige Gees hier ons gebedswerk oorneem. Tog is dit nie wat hier staan nie! Hierdie bystand wat die Heilige Gees vir ons gee beteken dat die Heilige Gees `n deel van ons gebedswerk en van ons swaarkry op Hom neem en dit saam met ons dra na die genadetroon van die

Here toe. Hy doen dit nie alleen nie en ons doen dit nie alleen nie. Sáám dra ons en die Heilige Gees hierdie gebede.

Daar is `n wonderlike voorbeeld in die Woord van hierdie tipe hulp of bystand. Trouens, dit is die enigste ander plek in die Skrif waar hierdie woord vir bystand of hulp gebruik word en dit is in Lukas 10:40. Hier hoor ons dat Jesus by Martha en Maria kuier en dat Maria by die voete van Jesus sit en luister terwyl Martha die ete gereed maak. Martha vra dan vir Jesus om vir Maria te stuur om haar te kom help. Hiermee bedoel Martha nie dat Maria nou al die kos moet maak, sodat Martha kan gaan sit nie. Nee, Maria moet saam met Martha die voorbereidings klaar maak.

Só is dit ook wanneer die Heilige Gees ons in gebed bystaan en ons help. Ons kan nie dan skielik ophou bid of minder gebedswerk doen nie. Nee, juis dan moet ons aanhou om volhardend te bid met die wete dat die Heilige Gees saam met ons bid en saam met ons pleit te midde van hierdie swakheid en lyding wat ons beleef.

Wanneer ons hieroor dink, moet ons nie hierdie besonderse bystand van die Heilige Gees verwar met die voorspraak en voorbidding wat Christus vir ons voor die Vader doen nie. Die bystand wat die Heilige Gees vir ons gee, is saam met ons en in ons. Ons kan sê die Heilige Gees roep saam met ons in ons harte ons nood uit teenoor die Here. Die Heilige Gees leer ons hoe en wat om te bid en dit wat Hy ons leer om te bid is in ooreenstemming met wat Christus tot die Vader bid. Die Heilige Gees leer ons om in gebed te eggo wat Christus as ons Voorspraak tot die Vader bid.

Daarom dat Paulus ons leer dat die Heilige Gees volgens die wil van God vir ons pleit. God is lief daarvoor wanneer ons Sy beloftes en Sy woord vir Hom terug bid. Wanneer ons God se Woord vir Hom terug bid, verander ons wil om meer en meer een te word met God se wil. Dan beleef ons die onbeskryflike troos wat daar in die opstanding en verlossing van Christus is en word die hoop wat ons vir die toekoms het meer en meer `n realiteit.

Só is God Drie-Enig betrokke en teenwoordig in ons gebede: Die Heilige Gees leer ons wat om te bid deurdat Hy in ons en saam met ons sug. Jesus Christus tree vir ons in by die Vader as ons Voorspraak en Hoëpriester wat ons aan die Vader gebind het deur sy bloed. En die wil van God die Vader word al hoe duideliker in ons lewe deurdat die Heilige Gees volgens God se wil vir ons en saam met ons pleit.

Daarom kan ons weet: God laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat Hy volgens sy besluit geroep het. Wat `n ontsettende troos is dit om te hê in hierdie stukkende wêreld waarin ons lyding en swakheid duidelik word!? Alles sal ten goede meewerk en die waarborg daarvoor is die feit dat God ons geroep en verkies het! God self is die waarborg dat alles ten goede sal meewerk!

Maar luister mooi, my broer en suster, die feit dat alles ten goede sal meewerk moet ons verstaan in konteks met God se Wil en die feit dat die Heilige Gees en Jesus Christus ons bystaan en vir ons voorspraak maak by die Vader. Dat alles ten goede sal meewerk hang dus nie af van die feit dat ons vir God liefhet nie, maar van wat goed vir ons is in God se oë. Juis daarom dat Heilige Gees deur gebed ons wil verander om in lyn met God se wil te wees!

Die implikasie hiervan, my broer en suster, is dat indien vervolging, armoede, swaarkry of siekte vir ons ten goede sal wees, sal God toelaat dat dit oor ons pad kom. Indien dit wat met daardie 21 Libiese manne gebeur het, oor ons moet kom omdat dit ons nader aan God sal trek, sal dit ons ten goede wees en sal God toelaat dat dit oor ons kom. God is nie begaan oor jou gemak en jou welvaart nie. Jou ewige verhouding met Hom en die rykdom wat jy in Jesus Christus ontvang het, is vir Hom ver meer kosbaar en van belang as jou tydjie hier op aarde.

Maar reeds hier op aarde het God vir ons in Jesus Christus `n besonderse rykdom gegee. Leef hierdie rykdom in Jesus Christus, want die Heilige Gees pleit vir jou en saam met jou in gebed!

Amen